

1 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 6:1-7

Fokusgedeelte: Handeling 6:3

‘n Liefdeseenheid ondanks verskeidenheid

Deur die genade van die Here het die gemeente in Jerusalem in getal en kulturele verskeidenheid gegroei. Hierdie groei het egter spoedig ook probleme opgelewer. Die eenheid van die gemeente het in gedrang gekom. Die *verskeidenheid* het gedreig om ‘n liefdelose *geskeidenheid* te word. Die gevaar dat die apostels hulle bedieningsfokus as gevolg hiervan sou verloor was ook daar. Duidelik word die sleepsels van die ou slang ook binne die gemeente sigbaar wanneer ‘n onderlinge gebrom hoorbaar word. Die stryd om God se koninkryk is nie net ‘n aanslag van buite nie, maar ook ‘n aanslag van binne.

God gee die oplossing deur ander gawes in die gemeente te identifiseer. Die gemeente kies manne uit hulle midde wat vol van die Heilige Gees is. Hulle moes met liefdesdiens die eenheid van die gemeente dien deur binne die verskeidenheid, die eenheid te bewaar. Hier vind ons die instelling van die diakondiens in die kerk van die Nuwe Testament. Die aanslag word afgeweer en die gemeente het steeds in getal gegroei.

Binne die gemeente van Jesus Christus mag niemand oor die hoof gesien word nie. Dit bring die eenheid van die gemeente in gedrang en mag daartoe lei dat die bedienaars van die Woord hulle eintlike taak verwaarloos. Die nood van ons tyd vra geesvervulde diakone wat ‘n liefdeseenheid in die gemeente kan bewerk en dit, ten spyte van die Satan se aanvalle, in stand kan hou.

Sing: Psalm 122:2

Ds IW Ferreira (Magol)